

**8 Februarie 2014**

**Skrifgedeelte: Prediker 11:7-12:8 (NAV)**  
**Fokusgedeelte: Prediker 11:8 (NAV)**

### **Die lewe is 'n geskenk, geniet dit**

Die lewe is 'n onuitspreeklike voorreg. Dit is 'n geskenk wat God aan jou gee. Daarom sê die Prediker: "Geniet die lewe as 'n gawe van God." Jy moet leer om elke faset van die lewe wat God vir jou gee, te geniet en te waardeer en daarvoor dankbaar te wees. Om dit te doen, verwag God van jou om Hom te vrees en sy gebooie te gehoorsaam. Hierin lê die ware vreugde. Jy moet dit sien in die lig van Hom wat lewe gee, maar wat ook hierdie lewe weer neem.

Daarom moet jy oor alles dankbaar wees en elke dag die lewe aangryp en dit ten volle geniet. Veral jou jong dae moet jy geniet en die vreugde daarin vind voordat die donker dae van duisternis kom. Jy moet in daardie dae doen wat jy goeuvind waarvan jy hou, maar terselfdertyd moet jy ook versigtig wees om nie al jou begeertes te bevredig nie (vgl. Jer. 17:9; Mark. 7:20-23), want dit kan jou daartoe lei om te sondig (vgl. Num. 15:39; Spr. 4:23; Matt. 5:27-30).

Die voorreg van 'n jong lewe en jonkheid het ook sy verantwoordelikhede, en dit is om die slegte te vermy, wat kommer in jou hart wek. Jy moenie jou kwel oor die lewe (vgl. Matt. 6:24-25) en jou liggaam en gees met slegte woorde en gedagtes te besoedel nie (vgl. 2 Kor. 7:1). Jy moet dit alles vermy.

Verder moet jy daagliks aan jou Skepper dink, veral as jy nog jonk is, voordat die tyd sal kom wanneer die swaar dae van die ouderdom en die donker dae van die dood gaan aanbreek, wanneer God die silwerdraad afbreek.

Dink aan jou Skepper! Daar is hoop. In die tevergeefsheid van die lewe, in die pynigende aftakeling van die ouderdom en in die greep van die dood is daar hoop, wat nooit misluk nie, en dit is jou Skepper. Daarvoor kan jy dankbaar wees.

Sing: Psalm 46:3, 6 (1936)

Ds P (Pierre) Cilliers (Daniëlskuil/Delportshoop/Duineveld)